Hokkie

Hokkie by HSS het die afgelope paar jaar reuse tree vorentoe gegee. Ons het in 2016 amptelik ons Astrobaan geopen en die dividende is reeds sigbaar in die hoeveelheid provinsiale spelers wat ons in 2016 opgelewer het.

Ons 1ste seuns span het die voorreg gehad om na die Cape Town International Hockey Festival genooi te word gedurende 2016. Hulle het alle verwagtinge oortref en ‘n fantastiese 5de plek behaal.

Sasol 2016 U18 Cape Town Hockey Festival

Gedurende die 2016 hokkieseisoen het ons met 7 dogters- en 4 seunsspanne deelgeneem. Dit was ‘n besondere suksesvolle jaar vir hokkie. Die jaar is begin met ‘n kort toer na George. Albei die eerste spanne (dogters en seuns) het werklik goeie hokkie gespeel.

Ons jaarlikse Interskole is altyd ‘n hoogtepunt. Ons seuns 1ste span het 2-0 gewen terwyl ons dogters naelskraap met 0-1 vasgeval het.

Twee van ons seuns, **Janco Meyer en Beyers Strydom** het besondere prestasies behaal. Janco is opgeneem ingesluit in die **Wes Kaap onder 14** span terwyl Beyers vir die **Boland onder 18 ITP** span gekies is.

Beyers Strydom

Janco Meyer

Die volgende spelers het Boland Barlinka spanne verteenwoordig:

Dogters:

Elouise Coetzee

Inalise du Plooy

Anri Joubert

Carla Symington

Lise Roux

Seuns:

Fabian de Wet

Stefan Hamman

Gerrit Calitz

Regert van Staden

Joshua Cullum

Gary-John Walsh

Johan Frank

Bertus Brits

Baie dankie ook aan al die skeidsregters wat bereid was om ons vanjaar te help. Ons as skool is bevoorreg om oor ‘n entoesiastiese groep ouers en goeie fasiliteite te beskik. Baie dankie aan ons ouers wat ons spanne so mooi ondersteun het.

‘n Groot dankie aan ons eerstespan afrigters: **Wayne Phillips**, asook **Jessika Steyn** vir hul entoesiasme en harde werk, asook die ander afrigters**: Lize Meyer, Lize Dreyer, Burnese Jooste, Marzane Horn, Marinel Theron, Marietjie Nelson, Gerda du Plessis, Petro Vermeulen, Rene Myburgh en Lizel Smith**

‘n Groot woord van dank aan al die leerders wat met groot trots en toewyding die mooi sport, hokkie, uitbou om ons skool een van die topskole in die Boland te maak.